# Rustenburg Gemeenskapskerk

**2 JUNIE 2024**


Posbus / PO Box 20146
Protea Park 0305
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 2703086
Ds. Ignatius Rademeyer – 071 675 5564
E-pos / E-mail: rtbgkerk@gmail.com
Registration number: MPC: PBO 930046902


## Hartlik welkom vandag by die Kerk

08h45 Lof en Aanbiddingsliedere
09h00 Erediens
09h00 Kleuterkerk
10h00 Kategese vir Gr 8-11
10h30 Leiersvergadering

## Veritas International College: Opleiding in Afrikaans vir 4 Modules

- Bybelstudie-leiers
- Omgeegroep-leiers
- Jeugleiers
- Persoonlike Bybelstudie

➔ Ontstaan van Bybel en interpretasie
➔ Musiek in die Bybel en vandag
➔ Ou Testamentiese boodskap
➔ Nuwe testament: Evangelies, briewe en die roeping as gelowiges
➔ Koste: R450 per persoon

**100% JESUS**

## "Jesus onverdun"

Jy het reg gelees. Neem net vir Jesus. Hy is genoeg. Jy het niks meer nodig nie. Jy het niks meer as Jesus nodig om:
- vergewe te word nie
- skoongewas te word van al die vuil nie
- gered te word nie
- in 'n perfekte verhouding met God te wees nie
- die ewige lewe te ontvang nie

Baie kerke skep 'n verwarring hieroor by mense. Vir hulle is Jesus nie genoeg om al 5 bostaande wonders te ontvang nie. Hulle wil vir mense vertel jy het méér as Jesus nodig om gered te word. Hulle sal vir jou vertel dat jou kinderdoop niks werd is nie, maar dat jy as 'n volwasse gróót gedoop moet word. Wat dan van al die Heilige Gees se werk in my, deur my ouers, en kategese en Kerk, al die jare? Het God my toe nié aangeneem en skoongewas toe ek as baba gedoop is nie? Kerke wat die Heilige Gees se werk met jou van baba-tyd af, wil bevraagteken, bevind hulleself op heilige grond. Almal moet respek hê vir wat God, die Heilige Gees reeds al die jare in jou hart, gedagtes en lewe gedoen het. Ons hoef nie Jesus te "top up" met iets anders om genoeg te hê vir ons redding nie. Die slagspreuk van Martin Luther en Johannes Calvyn in 1517 was alreeds "Solus Christus"- Alleen Christus - Jesus onverdun is 100% genoeg. Jesus alléén red. Jesus sê self in Joh 6:47 "Wie in My glo, het die ewige lewe". Dus wanneer ons bid, kom ons bid dat God vir ons geloof in Hom sal gee.

## i - toonbank in portaal vir:

- Nuwe lidmaat registrasie
- **Nuwe selfoonnommers / E-posse**
- **adresse en veranderinge**
- Inligting oor gemeente-projekte
- Inligting oor inskakeling by 'n omgeegroep,bediening, ens.
- Huisbesoek-afsprake
- Maandelikse dankoffer-reëlings
- Kategese program en registrasie
- Kerk-almanakke

## Pinksterreeks: 12 Mei - 2 Junie


Die werk van die Heilige Gees in my lewe

Sondag 2 Junie 2024
Tyd en plek:
Rustenburg Hoërskool skoolsaal:
09h00 - 10h00
Tema: Die vuur van die Heilige Gees

## Ons Jeugspan 2 Junie 2024

Kleuterkerk: Janco, Jennifar en Julie
Gr 2-4: Tharina en Bernhardt
Gr 5-7: Juané en Derek
Gr 8-11: Ds. Theo
Baie dankie ook aan al die ander helpers

## RGK Goeie Nuus Bybelskool




Ons volgende byeenkoms is Woensdag 5 Junie om 11h00 en 18h00 in NG Bergsig se konsistorie, in Bethlehem straat.
Tema: Bespreking van Pinkster boodskappe van 26 Mei en 2 Junie 2024

## Verjaarsdae 2-8 Junie 2024

2-Ryno Nel
3-Jonathan Simmons
5-Jantelle Bouwer
6 -Gert Havenga
7-Gené Wagner
8-Bernhard Visser

## Dankoffers

**Ons Kerk se:**
- **instandhouding**
- **groei**
- **hulpverlening**

**kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help? Enige bedrag is welkom!**

☑ **EFT**
☑ **Stoporder**

## Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van
**Kaart fasiliteite beskikbaar by I-toonbank**

## Bid vir ons lidmate

- Ivy Swart (1)
- Susan Schoeman(8)
- Miemie Nel (1)
- Lenie Opperman(8)
- Hennie Williams (6)
- Hannetjie Barnard (1)
- Ina Pretorius (3)
- Breggie Opperman (8)
- Ansie Botha(14)